**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0191 | 980627172 | 25 | 4349 |

2 A

IN DEO SAPIENTIAE LUX

Rapport Jg. 28 Nr. 26 P. 11 Dat. 21 JUN 1998

# As onderwys sy gang gaan, word kinders in steek gelaat

*Die skikking verlede week met onderwysvakbonde het wel 'n staking afgeweer, maar dit maak geen verskil aan die feit dat onderwys in 'n krisis verkeer nie. Die oorsaak van die krisis is gebrekkige leierskap, skryf JONATHAN D. JANSEN, en gee aan die hand wat gedoen moet word.*



WAT die huidige onderwyskrisis eerstens nié is nie, is 'n geldkrisis. Die primêre probleem is 'n gebrek aan leierskap in onderwys.

Sedert 1994 het ons van die een krisis na die ander gestrompel onder die leierskap van dr. Sibusiso Bengu en sy adviseurs. In 'n poging om die aantal onderwysers te verminder, is vrywillige skeidingspakkette betaal wat die land meer as R1 miljard gekos het.

Gou is uitgevind dat baie van hierdie onderwysers weer in diens geneem is of maande lank teen volle betaling ledig rondsit terwyl hulle op herontplooiing wag. Ander is vervang deur tydelike onderwysers, aan wie vaste aanstellings nou gebied word.

Ook het die ministerie nagelaat om in te gryp in die buitengewoon hoë vlakke van vermorsing, ondoeltreffendheid en korrupsie in die onderwysstelsel.

Die onlangse presidensiële hersieningskommissie het daarop gewys dat dié probleme plek-plek chronies geword het.

Die lae produktiwiteitsvlak in skole (die meeste swart skole is net 40 persent van die skooljaar funksioneel), oorbesteding ten bedrae van van miljarde rande in die provinsies, die spookonderwysers op die betaalstate, en die doolhof van duur burokratiese strukture in die provinsies is nie aangepak nie.

Die instelling van verskeie ingrypende onderwyshervormings, soos Kurrikulum 2005, is baie duur. Die volle inwerkingstelling sal uiteindelik R3,5 miljard kos, maar tot dusver is daar weinig tekens dat dit help om die gehalte van onderwys in agtergeblewe skole te verbeter. Ons navorsing toon dat die regeringsbeleid in werklikheid sedert 1994 die ongelykhede tussen die bevoorregte skole en die agtergeblewe skole vergroot het.

Dit is dus duidelik dat selfs al word nog groot bedrae geld in die onderwys gepomp (om byvoorbeeld meer onderwysers aan te stel), dit eenvoudig ingesluk sal word deur die ondoeltreffende, geldhonger onderwysstelsel, sonder enige uitwerking op onderrig en studie.

Ek glo dat selfs al word die huidige dilemma oor die afdanking van onderwysers heeltemal opgelos, dit geen verskil sal maak aan die beter tydsbenutting in skole of aan matriekuitslae nie.

Wat moet dan gedoen word?

Die eerste taak van die politieke leierskap is om die erns van die huidige onderwyskrisis te erken.

Verandering word bedreig deur die feit dat die minister en sy adjudante in 'n toestand van ontkenning verkeer. Hulle glo regtig dat dit beter gaan, al bewys navorsing en die praktyk duidelik die teendeel en al sê gesonde verstand dit vir jou.

In 'n demokrasie beteken toerekenbaarheid dat die politieke hoof van onderwys (Bengu), die oorsake van die krisis in ag geneem, onmiddellik behoort te

TREFWOORDE

1 Jansen J
2 Staking
3 Onderwys
4 Vakbonde
5 Staking
6 Krisis
7 Onbevoegdheid
8 Leierskap
9 Bengu SM
10 VID

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 9 1 | 9806 21 172 | 25 | 4349 B |

Rapport Jg. 28 Nr. 26 P. 11 Dat. 21 JUN 1998

bedank of vervang moet word. Die feit dat Bengu swart is, 'n ANC-lid en 'n gawe mens daarby, is nie ter sake nie.

As ons bereid is om hierdie soort onbekwame leierskap te aanvaar, het ons hoegenaamd geen reg om te kla as ons kinders druip nie.

Voorts is 'n nasionale oudit van doeltreffendheid nodig om vas te stel hoe provinsies en skole bronne soos tyd en personeel gebruik. Geld wat bespaar word deur doeltreffendheid en beter benutting van bronne, kan baie help om die onderwyskrisis op te los.

Sulke besparings móét egter teruggeploeg word in die onderwys self, binne die skole, en nie gebruik word om tekorte uit te wis of begrotings vir departementele personeellede buite skole aan te vul nie.

Die simplistiese gevolgtrekking in party media dat "minder onderwysers meer geld vir handboeke sal beteken", moet aan die kaak gestel word as 'n amptelike leuen. Dit is glad nie vanselfsprekend dat besparings op onderwysersalarisse "herontplooi" sal word vir die verbetering van onderwysgehalte nie.

> *"Die minister en sy adjudante verkeer in 'n toestand van ontkenning."*

Daar sal aangedring moet word daarop dat die onderwysers en leerlinge in elke provinsie, kring en skool die volle 190 skooldae van elke jaar in die klaskamers bly. 'n Opdrag in dié verband moet gevolg word met 'n duidelike uiteensetting van die gevolge wanneer die vereiste nie nagekom word nie.

'n Onderwyser wat nie sy of haar klas vir die volle duur van 'n skooldag besig hou nie, moet gewaarsku word dat sy dienste opgeskort kan word, en niemand moet twyfel dat dit inderdaad kan gebeur nie. 'n Leerling wat in die middel van die oggend in die strate van die stad aangetref word, moet swaar beboet word.

Dít sal leierskap wees.

Elke skool in Suid-Afrika moet ook die basiese minimum bronne kry wat nodig is om onderrig en studie te ondersteun. Dit kan beteken dat 'n norm vasgestel word soos "een handboek per leerling per vak of leerprogram". Dit sal indiensopleiding en skoolgebaseerde steun insluit. Met ander woorde: eis van leerlinge en onderwysers om terug te keer na die klaskamers, maar maak dit vir hulle die moeite werd om daar te wees.

Laastens sal die 10 persent swakste hoër skole geïdentifiseer moet word en intensiewe opleiding en ondersteunende bronne sal vir 'n bepaalde tyd na daardie skole geneem moet word. Die matriekuitslae kan as die maatstaf dien.

Hierdie skole moet gemonitor word om seker te maak dat hul prestasie oor 'n sekere tydperk verbeter. Lesse wat hieruit geleer word, kan in ander skole toegepas word.

Die onderwyskrisis is al baie lank met ons. Daar kan geredeneer word dat dit die geval is ten minste sedert die Nasionaliste in 1954 die skrikwekkende Wet op Bantoe-onderwys op die wetboek gesit het.

Wat die huidige krisis anders maak, is dat dit vier jaar is sedert baie Suid-Afrikaners vir 'n "beter lewe vir almal" gestem het, en meer as twee dekades sedert die leerlinge van Soweto en Athlone hul lewens vir onderwys opgeoffer het.

Dit sal immoreel wees om hulle in die steek te laat terwyl ons 16 Junie 1976 onthou.

● *Prof. Jansen is die dekaan van die fakulteit opvoedkunde van die Universiteit van Durban-Westville en die direkteur van die Sentrum vir Onderwysnavorsing, -evaluering en -beleid by dieselfde universiteit.*

**TREFWOORDE**

1 ....................
....................
2 ....................
....................
3 ....................
....................
4 ....................
....................
5 ....................
....................
6 ....................
....................
7 ....................
....................
8 ....................
....................
9 ....................
....................
10 ....................
....................